HOOFSTUK 15

Bekering

1. Die doop vermaan en verplig ons tot ’n nuwe gehoorsaamheid.
2. Dit bestaan daarin dat ons die Here moet dien en liefhê volgens sy Woord. Dit beteken dat ons die belange van die wêreld moet laat vaar en ook ons eie belange moet opsy skuif, sodat ons aanbidding en God se eer op die voorgrond kan staan.
3. Die Heidelbergse Kategismus (HK) noem bogenoemde *bekering*. Die ware bekering bestaan uit twee dele:
    - Die afsterwe van die ou mens
    - Die opstanding van die nuwe mens – vgl. HK, vr. 88
4. Jesaja 55:7-9 noem dit: *ons eie gedagtes en ons eie weë verlaat*.
5. *Bekeer* word in Grieks met twee verskillende werkwoorde aangedui. Die een beteken *terugdraai*. Dit is wanneer iemand op ’n bepaalde pad loop, reg in die pad omdraai en reguit terugkom op sy spore. Die ander een beteken: *omkeer*. Dit is om jou gedagte te verander. In Handelinge 3:19 kom albei die woorde voor: *“Kom dan tot inkeer en bekeer julle.”*
6. Die afsterwe van die ou mens is wanneer ons ’n opregte berou het dat ons God met ons sondes vertoorn het, die sonde nou haat en met alle mag daarvoor vlug.
7. Die opstanding van die nuwe mens is ’n hartlike vreugde in God deur Jesus Christus en ’n lus en ’n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe – HK, vr. 90.